Verwysing: 20201016-8846
Lêerno.: 1/4/1/1
Navrae: LM Coleridge-Zils

Omsendbrief: 0050/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief stel 'n gekonsolideerde weergawe van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswet op Skoolonderwys, 2010 (Wet 7 van 2010), en die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswet op Skoolonderwys, 2018 (Wet 4 van 2018) bekend.*

Onderwerp: Publikasie van 'n gekonsolideerde weergawe van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswet op Skoolonderwys, 2010 (Wet 7 van 2010), en die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswet op Skoolonderwys, 2018 (Wet 4 van 2018)

1. Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) ("die Hoofwet"), het op 16 Januarie 1998 in werking getree en is gewysig deur die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswet op Skoolonderwys, 2010 (Wet 7 van 2010) ("die 2010 Wysigingswet"), en is onlangs deur die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswet op Skoolonderwys, 2018 (Wet 4 van 2018) ("die 2018 Wysigingswet") gewysig, na die verordering daarvan deur die Provinsiale Wetgewer.

2. Die doel van die 2018 Wysigingswet is, inter alia, om–-
   a) die Hoofwet te wysig, ten einde 'n omskrywing te skrap en ander in te voeg en vervang;
   b) kruisverwysings na sekere wetlike bepalings te wysig;
   c) verwysings na volwasse onderwys te verwyder;
   d) voorsiening te maak vir die sentrale verkryging van goedere en dienste in verband met onderwys in die provinsie;

e) monitering en ondersteuning van kurrikulumlewering in die klaskamer by openbare skole te reguleer;
f) die Wes-Kaapse Onderwysraad te magtig om raadgewende verslae te verskaf;
g) voorsiening te maak vir die instelling en werksaamhede van 'n Skoolevalueringsgesag;
h) voorsiening te maak vir die instelling van saamwerkskole en donateurbefondste openbare skole;
i) voorsiening te maak vir die instelling van intervensiefasiliteite waarna leerders in sekere omstandighede verwys kan word;
j) weg te doen met vereistes dat die instemming van die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies ten opsigte van sekere ooreenkomste verkry moet word;
k) 'n bepaling te skrap wat die sluiting van 'n gedeelte van 'n openbare skool magtig;
l) verder voorsiening te maak vir die Provinsiale Minister verantwoordelik vir onderwys om regulasies te maak;
m) die mag van die Provinsiale Minister om sekere norme en standaarde asook die werksaamhede en prosedures vir die instelling en verkiesing van verteenwoordigende rade van leerders te bepaal, verder te reguleer;
n) 'n uitgediende bepaling in verband met die bevoegdhede van 'n Kinderhof te herroep;
o) sekere toetse te magtig in verband met die toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool met 'n gespesialiseerde fokus of vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes;
p) voorsiening te maak rakende die verbruik en verkoop van alkoholiese drank op skoolpersele of gedurende die skoolaktiwiteite behoudens voorwaardes;
q) te bepaal dat 'n openbare skool die voorafverkreë skriftelike toestemming van 'n ouer moet bekom wat die leerder se bywoning van 'n skoolaktiwiteit buite die skoolperseel magtig;
r) verdere misdrywe te skep; en
s) voorsiening vir verwante sake te maak.

3. Die 2010 Wysigingswet is gepubliseer in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 6823 van 08 Desember 2010 en die 2018 Wysigingswet is in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 8010 van 29 November 2018 gepubliseer. Ná die publikasie het die Wes-Kaap Onderwysdepartement al die bepalings van die 2010 Wysigingswet en die 2018 Wysigingswet in die Hoofwet gekonsolideer en gewysig, vervang en ingevoeg.

4. Die gekonsolideerde weergawe is in al drie amptelike tale van die Wes-Kaap beskikbaar (hierby aangeheg) en word vir maklike verwysing versprei.

5. Waar daar egter 'n behoefte aan sekerheid en interpretasie ontstaan, moet die weergawes van die Hoofwet (Wet 12 van 1997), die 2010 Wysigingswet (Wet 7 van 2010) en die 2018 Wysigingswet (Wet 4 van 2018) wat in die staatsblaaie geplaas is te alle tye geraadpleeg word.

6. Indien daar enige verdere navrae oor hierdie aangeleentheid is, staan dit u vry om met adv. Lynn Coleridge-Zils by telefoonno. 021 467 2299 of per e-pos by Lynn.Coleridge-Zils@westerncape.gov.za in verbinding te tree.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-11-27